

GHA Gedigtekompetiesie 2013 vir Voorgraadse Studente

Reëls:

1. Hierdie inskrywingsvorm moet volledig voltooi word en tesame met jou gedig/te, die GHA voor of op die sluitingsdatum van die kompetisie, naamlik **30 Junie 2013**, bereik.
2. Slegs GETIKTE inskrywings per gewone pos ontvang, sal aanvaar word. Font: Arial 11 of 12
3. 'n Kort lewensskets waarin jy sê waar jy gebore is, waar jy skoolgaan, wat jou belangstellings is en wat jy eendag wil word, asook 'n onlangse mooi foto (swart en wit, poskaartgrootte) van jouself EN 'n laserplaat (met jou naam op) met die gedigte in WORD-formaat op, moet jou inskrywing vergesel.
4. Enige styl is aanvaarbaar, maar stylvorms soos die sonnet, kwatryn, koeplet, ens. dui op die digter se vaardigheid en sal bonuspunte ontvang. Gedigte moet in algemeen beskaafde **Afrikaans** wees. Gedigte wat laster en/of onweloweglike taal bevat, sal nie aanvaar word vir beoordeling nie.
5. Vier (4) kopieë per gedig moet die inskrywingsvorm vergesel. Jou naam en van mag geensins op die kopieë aangebring word nie. (Wenk: Maak vier pakkies met hierdie vorm op die boonste pakkie aangeheg.)
6. Inskrywingsgeld: R25 vir die eerste gedig, en R10 vir elke gedig daarna. Slegs tien gedigte per digter word toegelaat.
7. Slegs oorspronklike gedigte van deelnemers mag ingeskryf word.
8. Die GHA-hoofkantoor administreer die kompetisie. Inskrywingsgeld moet in die bankrekening (besonderhede hieronder) inbetaal word. Die inbetaalstrokie moet tesame met u inskrywingsvorm en gedigte aan die onderstaande adres gepos word.
9. Beoordeling is finaal en geen briefwisseling sal gevoer word nie.
10. Die beste gedigte wat aan die beoordelaars se standaardte voldoen, sal in die Bloemlesing, *Stemme uit die Suiderland VIII*, gepubliseer word. Om hierdie rede gee deelnemers kopiereg aan die GHA ten opsigte van die gebruik van enige gedigte wat vir hierdie kompetisie ingeskryf is en vir die gebruik in toekomstige publikasies.
11. Prysgele: Algehele Wenner R2000, Naaswenner R1000, 5 x Aansporingspryse van R300 elk
12. Die bekendstelling van die bloemlesing, die bekendmaking van die wenners en die oorhandiging van die pryse sal tydens 'n glansgeleentheid te Pretoria op 2 November 2013 geskied.
13. Geen gedigte waarop reeds kopie- of enige ander regte deur enige buitestaander behou word, mag sonder skriftelike toestemming van sodanige party ingeskryf word nie.
14. Deelnemers aan hierdie kompetisie en/of hulle ouers/voogde vrywaar die GHA van enige eise of ongeopenbaarde aansprake van enige aard wat mag ontstaan uit deelname aan hierdie kompetisie.

Posadres: GHA Gedigtekompetiesie 2013,
Posbus 25119, Gezina, 0031
Tel: 012 335 3321, Faks: 086 693 2416
Vonkpos: gha@lantic.net

Bankbesonderhede: Afrikanerhuis, Bank: **ABSA**, Rekeningnommer: **921 591 0681**,
Taknaam: Quagga Centre, Taknommer: 630-664
WEBWERF: www.afrikaans.org.za

Onderwerpe om van te kies:

(KIES asseblief JOU EIE TITEL VIR JOU GEDIG.)

(a) Die Groot Trek; (b) Die Natuur; (c) Liefde

GHA Gedigtekompetiesie 2013 vir Voorgraadse Studente

Inskryfvorm

Naam en van _____

Tersiêre Inrigting: _____

Posadres: _____

Vonkpos: _____

Foonnommer: _____ Faksnommer: _____

Aantal gedigte ingeskryf: _____

No	Titel van gedig
1.	
2.	
3.	
4.	
5.	
6.	
7.	
8.	
9.	
10.	

Inskrywingsgeld: R _____

Ek aanvaar die reëls van die kompetisie.

Geteken op _____ 2013

Deelnemer: _____

Plek: _____